**My vriendin Trudi**

Trudi was by almal hier vanoggend baie bekend as kunstenaar in Namibië, vir my was sy egter my oudste, langste vriendin hier in Windhoek. Ons het mekaar by Sentraal Tennis Klub ontmoet, sy was ’n goeie tennisspeler, sy was ’n sportvrou wat hier fietsgery het, in Walvisbaai op die lagune gewindsurf het. Ons het gestap, as dit nie die Kuisebriver of die Gaub was nie, dan is dit in die feesseisoen van Walvis na Swakopmund met Herr Weiland saam.

Sy het van katte gehou, ons was weer lief vir worshonde. Dan sal sy sê: Weet jy ’n hond kyk op na sy baas terwyl ’n kat afkyk op sy eienaar. So het ons verskil.

Coen, my man, het vir my een verjaarsdag die mooiste metaal oorbelle by Freda Lull se juweeluitstalling gekry. Trudi het dit so een kyk gegee toe ek dit met trots aan het. Wat doen sy? Sy buig die een aan die linker oor. Volgens haar lyk dit veel interessanter so gebuig. Terug kan ek dit nie buig nie. Wat staan my te doen? Sy moes maar die ander oorbel ook buig.

’n Jaar of twee gelede het sy ’n mooi bontbroek vir my verjaarsdag gemaak, net om ’n week later dit terug te vra want sy wil dit met Nuwe jaar by die Walvisbaai seiljagkluk aantrek vir die dans daar. Sy het belowe sy sal dit teruggee wat sy darem toe ook gedoen het.

**Dis my vriendin Trudi!**

Ons het ook prober om saam brug te speel maar dit het gereeld ontaard in ’n hewing stryery, dit het amper gelei tot die einde van ’n lange vriendskap.

**Dis my vriendin Trudi!**

Pas toe die Sanlam gebou klaar was, jare gelede, het sy besluit om van haar kuns op die plaveisel voor die gebou op esels uit te stal. Dan moes ek die verbygangers voorkeer en vra ken hulle die kunstenaar wie se werk dit is, wat dink hulle daarvan, sal hulle dit wil koop? En waar is Trudi? Sy sit by Gatemans op die balkon my en dop hou.

**Dis my vriendin Trudi!**

In die vroeë 2000 het sy ’n wonderlike projek by die Avisdam gehad: Sy het elke maand ’n kunswerk wat die vorm van ’n byekorf aangeneem het op ’n

vlot laat dryf, vasgeanker aan 'n kunstige beton anker. Dis nie al nie, sy het kennisgewingborde by die dam geplaas met inligting watter voëls daar te wagte kan wees, watter bome sal blom, wat is die watervlak van die dam die die spesifieke maand. Sy het van haar vriende gevra on 'n gedig te skryf en dit agterglas op die borde geplaas. My gedig was vir die maand van Maart waarin Paasnaweek geval het en dit was natuurlik my tema. Die begin van Desember met 12 drywende kunswerke op die dam, nooi sy die publiek van Windhoek uit om met piekniekmandjies al langs die rand van die dam te kom fees vier die betrokke Vrydagaand. Daar sit ons almal en verkyk ons aan die drywende kuns met liggies in … en die volmaan kom oor die berge op en skyn op die water van Avis dam, so onbeplan.

**Dis my vriendin Trudi!**

Sy het haar kunswerke met GMS Dicks onderteken. Die GMS is haar voorletters vir Gertruida Sophia Maria.

**Dis my vriendin Trudi!**

*Ingrid van Graan*